BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CXXV. PRYS 6d. PRETORIA, 29 AUGUSTUS / 29 AUGUST 1941 PRICE 6d. [No. 2937

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1226.] [29 Augustus 1941.

REELING VAN WERKSURE.—BOUNYWERHEID.

Ek, IVAN LAWRENCE WALKER, Kontroleur van Nywerheidsmannekrag, handelende ooreenkomstig die bevoegdhede my verleen by regulasie 6 (*g*) van Oorlogsmaatreël No. 6 van 1941 (Proklamasie No. 26 van 1941), gelas hiermee dat geen werkgewer in die Bounywerheid, soos in Goewermentskennisgewing No. 968 van 10 Julie 1941 omskryf, vanaf 1 September 1941, sonder my voorafgaande toestemming mag vereis of toelaat dat—

(*a*) 'n vakman of leerling op meer as ses dae in een week werk; of

(*b*) 'n vakman of leerling wat elektrotegniese werk verrig vir minder as 54 uur in een week werk; of

(*c*) 'n vakman of vakleerling wat in diens is op werk (behalwe elektrotegniese werk) in verband met die oprigting, voltooing, hernuwing, herstel of verandering van enige gebou of bouwerk wat vir enige amptelike doel in verband met die voortsetting van die oorlog gebruik word, of vir sodanige gebruik bestem word, vir minder as 51½ uur in een week werk:

Met dien verstande dat—

(i) paragrawe (*b*) en (*c*) nie van toepassing is nie in enige geval waar dit, na die mening van die werkgewer, weens 'n tekort aan noodsaaklike boumateriaal onnodig is om oortyd te werk;

(ii) paragrawe (*b*) en (*c*) nie ten opsigte van werknemers oor die leeftyd van 55 jaar van toepassing is nie; en

(iii) vir die toepassing van paragrawe (*b*) en (*c*) word 'n vakleerling geag te werk wanneer hy ooreenkomstig die bepalings van sy leerlingskontrak tegniese klasse gedurende werksure bywoon.

In hierdie kennisgewing beteken „ vakleerling ", 'n werknemer wat ingevolge 'n leerlingskontrak dien wat kragtens die „ Vakleerlingen Wet ", 1922, geregistreer is, en beteken „ week ", 'n tydperk van sewe dae met ingang vanaf middernag op 'n Sondag.

IVAN L. WALKER,
Kontroleur van Nywerheidsmannekrag.

N.B.—Die bepalings van hierdie kennisgewing wysig geen bestaande ooreenkoms met betrekking tot betaling vir tyd gewerk bo en behalwe die gewone werksure. Die beperking van werksure tot 'n maksimum van 60 per week (Goewermentskennisgewing No. 969 van 10 Julie 1941) bly van krag.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF DEFENCE.

The following Government Notice is published for general information:—

✱ No. 1226.] [29 August 1941.

REGULATION OF HOURS OF WORK.—BUILDING INDUSTRY.

I, IVAN LAWRENCE WALKER, Controller of Industrial Man Power, acting in terms of the powers conferred upon me by Regulation 6 (*g*) of War Measure No. 6 of 1941 (Proclamation No. 26 of 1941), hereby order that, except with my prior consent, no employer in the Building Industry as defined in Government Notice No. 968 of the 10th July, 1941, shall as from the 1st September, 1941, require or permit—

(*a*) any artisan or apprentice to work on more than six days in any week; or

(*b*) any artisan or apprentice engaged on electrical work to work for less than 54 hours in any week; or

(*c*) any artisan or apprentice engaged on work (other than electrical work) in connection with the erection, completion, renovation, repair or alteration of any building or structure used or intended to be used for any official purpose connected with the prosecution of the war, to work for less than 51½ hours in any week:

Provided that—

(i) paragraphs (*b*) and (*c*) shall not have effect in any case where, in the opinion of the employer, shortage of essential building materials renders the working of overtime unnecessary;

(ii) paragraphs (*b*) and (*c*) shall not apply in respect of employees over the age of 55 years; and

(iii) for the purpose of paragraphs (*b*) and (*c*) an apprentice shall be deemed to be working when attending technical classes during working hours, in terms of his contract of apprenticeship.

In this notice " apprentice " means an employee serving under a contract of apprenticeship registered under the Apprenticeship Act, 1922, and " week " means the period of seven days commencing at midnight on a Sunday.

IVAN L. WALKER,
Controller of Industrial Man Power.

NOTE.—The provisions of this notice do not alter any existing agreement in regard to payment for time worked in excess of ordinary working hours. The limitation of working hours to a maximum of 60 per week (Government Notice No. 969 of the 10th July, 1941) remains in operation.

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur en onder die toesig van die Staatsdrukker, Pretoria.

Printed in the Union of South Africa by and under the superintendence of the Government Printer, Pretoria.